

DIE VOORTREKKERS EN DIE INGEBOEKTE SLAWE WAT DIE GROOT TREK MEEGEMAAK HET, 1835-1838

C. Venter

Universiteit van Stellenbosch

The Voortrekkers and the indentured slaves which accompanied them during the Great Trek, 1835-1838.

In 1833 the Imperial Government in London decided to abolish slavery throughout the Empire. As a result of that decision the slaves in the Cape Colony were freed on 1 December 1834, but were indentured for the next four years with their previous masters until they would finally be set free on 1 December 1838.

After the decision to emancipate the slaves became known in the Cape Colony, the trekboers - who must be distinguished from the Voortrekkers - continued to take their indentured slaves with them when they crossed the northern boundary in times of drought to find temporary grazing for their stock. Thereupon the Colonial Government prohibited the removal of indentured slaves from the Colony. These prohibitions were still valid when the Voortrekkers left the Colony and took their indentured slaves with them. Only after the philanthropists and the British Government had realized the full implications of the Great Trek and the final date for the emancipation drew closer, they started having misgivings about the Voortrekkers freeing their indentured slaves before or on 1 December 1838. Therefore Fieldcornet Gideon Joubert of Colesberg was sent to the Transorangia and Natal to bring them back to the Colony.

Gideon Joubert was a loyal supporter of the Colonial Government and a known opponent of the Great Trek. That was why his report on his mission carried much weight with the Colonial and Imperial Governments. This report showed that the Voortrekkers had no intention of keeping their indentured slaves in bondage - thus correcting the impression which existed in philanthropic and government circles about the Voortrekkers in this regard.

In 1833 het die imperiale parlement in Londen besluit om slawerny dwarsdeur die Britse Ryk af te skaf. Daarvolgens sou die slawe in die Kaapkolonie op 1 Desember 1834 vrygestel en daarna vir nog vier jaar by hul eertydse eienaars ingeboek word. Dit het beteken dat alle ingeboekte arbeiders, ofte wel die eertydse slawe, op 1 Desember 1838 finaal vrygestel sou word.

Nadat die slawevrystellingswet in die Kolonie bekend geword het, het die trekboere - wat onderskei moet word van die Voortrekkers - tydens seisoenemigrasies voortgegaan om ingeboekte slawe oor die Kaapse noordgrens te neem. Die gevolg was dat die Britse owerheid aan die Kaap sodanige optrede verbied het. Die verbodsbepalings het steeds gegeld toe die Groot Trek 'n aanvang geneem het en van die Voortrekkers hul ingeboekte slawe uit die Kolonie na die Transoranje en Natal met hulle saamgeneem het. Eers nadat die volle implikasies van die Groot Trek-beweging by die filantropie en die Britse owerheid posgevat het en die finale vrystellingsdatum nader gekom het, het die vrees toegeneem dat die Voortrekkers nie hul ingeboekte slawe sou vrystel nie. Die Voortrekkers se versekering dat hulle die ingeboekte slawe selfs voor 1 Desember 1838 sou vrystel, is deur die Britse owerhede in die Kolonie sowel as in Londen met wantroue bejeën; daarom is veldkornet Gideon Joubert van Colesberg as regeringsgesant na die Transoranje en Natal gestuur om die ingeboekte slawe na die Kolonie terug te bring. As vertroueling van die Kaapse regering en selferkende teenstander van die Groot Trek, het Joubert se verslag van sy sending die skewe beeld van die Voortrekkers wat by die Britse regering aan die Kaap sowel as in Brittanje oor hierdie aangeleentheid bestaan het, reggestel.

Met die aanvang van die Groot Trek het van die Voortrekkers hul ingeboekte slawe tydens hul emigrasie uit die Kaapkolonie saamgeneem. Aangesien hierdie optrede 'n oortreding van die Koloniale wette was, is die Voortrekkers daarvan beskuldig dat hulle die ingeboekte slawe onder dwang uit die Kolonie geneem het om sodoende die

vrystellingsbepaling op 1 Desember 1838 te ontduik.¹

Die doel van hierdie studie is om onder meer te bepaal waarom daar reeds vóór die aanvang van die Groot Trek 'n verbod geplaas is op die neem van die ingeboekte slawe na die gebiede buite die Koloniale grens; hoekom die Voortrekkers hul ingeboekte slawe met hulle saamgeneem het; die reaksie van die filantropie en die Kaapse en Imperiale owerhede daarop; die getal ingeboektes wat die Voortrekkers vergesel het; die keuse van veldkornet Gideon Joubert as gesant om die ingeboektes by die Voortrekkers na die Kolonie terug te bring; 'n verklaring vir die ingeboektes se keuse om by die Voortrekkers te bly toe hulle in 1838 die geleentheid gehad het om na die Kaapkolonie terug te keer en laastens die resultaat van Joubert se verslag.

Vrystelling van die slawe: trekboeroptrede en regeringsreaksie

Dit is bekend dat onder sterk filantropiese druk die Imperiale parlement in Londen in 1833 besluit het om slawerny dwarsdeur die Britse Ryk af te skaf. Daarvolgens sou die slawe in die Kaapkolonie op 1 Desember 1834 vrygestel en daarna vir nog vier jaar by hul eertydse eienaars ingeboek word.² Dit het beteken dat alle ingeboekte arbeiders, ofte wel die eertydse slawe, op 1 Desember 1838 vrygestel sou word.

Die vrystellingswet het waarskynlik in die oostelike distrikte van die Kaapkolonie bekend geword nadat dit in November 1833 in *The Graham's Town Journal* bespreek is.³ Teen die middel van Januarie 1834 het siviele kommissaris D. Campbell van Albanie die goewerneur ingelig dat gerugte in omloop was dat blanke boere van sy distrik en van Somerset ontevrede was oor die voorgenome vrystelling van die slawe en daarom die Kolonie met hul slawe wou verlaat.⁴ Hierdie gerugte het ook neerslag gevind in *The Commercial Advertiser* van 8 Februarie 1834 toe gerapporteer is dat boere hul slawe oor die noordgrens van die Kolonie geneem het om sodoende die vrystellingswet te ontduik.⁵ Nadat die goewerneur hierdie inligting ontvang het, het hy eers die kommissaris-generaal van die Oostelike Distrikte en op 21 Februarie 1834 die verskillende siviele kommissarisse gevra om aan die inwoners van hul distrikte bekend te maak "that whosoever takes or sends a slave over the Frontier line of the Colony will under the provisions of the Statute of the 5th of George IV be guilty of a felony and incur the penalty of transportation."⁶

Ten spyte van hierdie waarskuwing van die goewerneur was daar baie blanke boere van die grensdistrikte wat as gevolg van die droogte genoodsaak was om die Kolonie tydelik te verlaat om 'n uitkoms vir hul vee in die Transoranje te gaan soek. Van hierdie trekboere het hul slawe met hulle saamgeneem. Enkele boere, soos Louis Tregardt, wat hul plase in die Kolonie verkoop en hulle permanent buite die Kaapse noordoostgrens gaan vestig het, het ook hul slawe met hulle saamgeneem.⁷

W.C. van Ryneveld, die siviele kommissaris van Graaff-Reinet, het vir die inwoners van sy distrik in die bresse getree deur te ontken dat hulle doelbewus hul

Hierdie aspek van die Groot Trek is reeds deur verskeie historici aangeraak, onder andere C.F.J. Muller, *Die Britse owerheid en die Groot Trek* (Kaapstad, 1969); G.E. Cory, *The rise of South Africa, IV* (Kaapstad, 1965); H.B. Thom, *Die lewe van Gert Maritz* (Kaapstad, 1965); E.A. Walker, *The Great Trek* (Londen, 1970); G.M. Theal, *History of the Boers in South Africa* (Kaapstad, 1973); G.D.J. Duvenhage, *Van die Tarka na die Transgariep* (Kaapstad, 1981); B.J. Liebenberg, *Die vrystelling van die slawe in die Kaapkolonie en die implikasies daarvan* (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.O.V.S., 1959) en C. Venter, *Gideon Daniel Joubert: Leiersfiguur op die Kaapkolonie se noordgrens 1838-1858* (Ongepubliseerde D.Litt et Phil.-proefskrif, Unisa, 1985).

2. C.F.J. Muller, *Die oorsprong van die Groot Trek* (Kaapstad, 1974), p. 174.

3. *The Graham's Town Journal*, 21-11-1833 (Editorial).

4. Muller, *Die oorsprong van die Groot Trek*, p. 342.

5. *The Commercial Advertiser*, 8-2-1834 (Editorial).

6. Kaapse Argiefbewaarplek (hierna K.A.B.), Kaapstad: CO 4904 Letters despatched, Civil: Brink-Kommissaris-generaal, 14-2-1834, p. 334; P.J. van der Merwe, *Die noordwaartse beweging van die Boere voor die Groot Trek* (Den Haag, 1937), p. 291.

J.D. Visagie *Die Katriviernedersetting 1829-1839* (Ongepubliseerde D.Litt et Phil.-proefskrif, Unisa, 1978), pp. 202-205; Muller, *Die oorsprong van die Groot Trek*, p. 343.

slawe uit die Kolonie geneem het om sodoende die vrystelling te ontduik. Hy het dit duidelik gestel dat die boere hul plase verlaat het met die uitsluitlike doel om weiding en water vir hul vee te gaan soek om hulle sodoende van totale ondergang te vrywaar. Van Ryneveld het ook onderneem om toe te sien dat die trekboere van sy distrik so gou as wat omstandighede dit sou toelaat, na die Kolonie terugkeer. Die trekboere kon dit egter nie spoedig doen nie en al was die getal slawe by hulle klaarblyklik nie groot nie, het dit die inwin van die nodige gegewens vir die vasstelling van die vergoeding aan slawe-eienaars vertraag.⁸

Teen September 1834 moes goewerneur D'Urban steeds verneem van grensboere wat hul slawe oor die Koloniale grens wegneem. Om sodanige optrede te stuit, het D'Urban op 11 September 1834 'n proklamasie uitgevaardig waardeur 'n verbod geplaas is op die neem van ingeboekte slawe oor die Koloniale grens. 'n Boete van £100 sterling sou gehêf word vir elke slaaf wat uit die Kolonie geneem word, terwyl die skuldiges as misdadigers verklaar en vir veertien jaar uit die Kolonie verban of alternatiewelik gevangenskap van tussen drie en vyf jaar opgelê kon word.⁹

Dit wil voorkom asof D'Urban ná die uitvaardiging van bogenoemde proklamasie van Tregardt se optrede verneem het. Volgens regsadvies wat D'Urban ingewin het, kon Tregardt en die ander boere nie kragtens die wet in hegtenis geneem word nie, aangesien die Kaapse regering geen jurisdiksie buite die grense gehad het nie. Die slawe wat hierdie permanent uitgeweke boere in Gcalekaland by hulle gehad het, kon wel gekonfiskeer en na die Kolonie teruggebring word.¹⁰ In die lig hiervan het kapte. A.B. Armstrong op 4 November 1834 beslag gelê op al Tregardt se slawe en gedurende die daaropvolgende vier dae is 'n slaaf van sowel Frans van Aardt as Stefanus de Beer en P.G. Jordaan opgeëis.¹¹

Gideon Joubert, veldkornet van die distrik Colesberg wie se wyk Nuwe Hantam aan die Oranjerivier gegrens het, het alles in sy vermoë gedoen om die inhoud van die proklamasie van 11 September 1834 aan die trekboere in die Transoranje bekend te maak. Na deeglike ondersoek kon hy op 27 Oktober 1834 aan siviele kommissaris Van Ryneveld rapporteer dat daar in die omstreke van die Riet- en Caledonrivier geen enkele slaaf meer onder die trekboere aanwesig was nie. Daarbenewens was die trekboere van sy wyk reeds op daardie tydstip met hul slawe weer binne die Kolonie, behalwe een persoon wat voor die einde van Oktober sou terugkeer. Joubert was ook bewus van 'n groot aantal inwoners van die wyk Winterveld en nog ander wat in die nabyheid van die grens aangekom het om binne bereik van die regering te wees.¹²

Dat die mense alles in hul vermoë gedoen het om aan die bepalings van die proklamasie gehoor te gee, spreek duidelik uit die volgende voorbeelde wat Joubert genoem het: Christiaan Herbs van Winterveld het sy slaaf na Christiaan Kotze van Nuwe Hantam gestuur om hom betyds in die Kolonie terug te besorg; Hendrik Badenhorst, wat al geruime tyd oorkant die grens gewoon het, het met sy slawe na die Kolonie teruggekeer hoewel hy verplig was om sy vee in die Transoranje agter te laat; Johannes Jacobs van Beaufort-Wes het met sy twee slawe, maar sonder sy vee, in Nuwe Hantam aangekom. Ander se slawe is weer na die wyk van Abraham Pretorius van Somerset geneem of gestuur.¹³

Uit Joubert se verslag is dit duidelik dat die trekboere in 1834 gewillig was om gehoor te gee aan die wette van die Kolonie omdat hulle hulself as onderdane van die Britse owerheid beskou het. Hoewel hulle nie almal dadelik op die bevel van die goewerneur na die Kolonie kon terugkeer nie, het hulle blykbaar gesorg dat hul slawe na die Kolonie teruggaan.

Die Voortrekkers neem ingeboekte slawe oor die grens

Dit was die situasie in 1834. Teen die einde van daardie jaar het die Sesde Grensoor-

8. Van der Merwe, *Die noordwaartse beweging van die Boere voor die Groot Trek*, pp. 295-298

9. *Government Gazette*, 12-9-1834 (Proclamation by Sir B. D'Urban, 11-9-1834).

10. Visagie, *Die Katriviernedersetting, 1829-1839*, p. 206.

11. Muller, *Die oorsprong van die Groot Trek*, pp. 349-350.

12. K.A.B.: 1/GR 10/22 Miscellaneous letters received: Joubert - Van Ryneveld, 27-10-1834.

13. *Ibid.*

log uitbreek en die volgende jaar het die Groot Trek in alle erns begin. Anders as die trekboere, wou die Voortrekkers hulle permanent buite die Kolonie as 'n onafhanklike volk, vry van Britse inmenging, gaan vestig. Die Britse owerheid daarenteen het die Voortrekkers nog steeds as Britse onderdane beskou en die Vrystellingswet wat bepaal het dat "no apprenticed Labourer shall be subject or liable to be removed from the Colony to which he or she may belong",¹⁴ was steeds geldig. Net so was die proklamasie van 11 September 1834 betreffende die ingeboekte arbeiders (eertydse slawe) ook nog van toepassing op die Kolonie se inwoners. Inmiddels het van die Voortrekkers wat voorheen slawebesitters was, hierdie ingeboekte slawe met hulle saamgeneem - iets wat strydig was met die Koloniale wette. Volgens W. Gilfillan, siviele kommissaris van Cradock, was "the practice too common among the Emigrating Farmers of enveigling [?] their apprentices across the border".¹⁵

Daar kan slegs gespekuleer word oor die redes waarom die Voortrekkers hul ingeboekte arbeiders met hulle saamgeneem het ten spyte van die wetgewing wat dit verbied het. Hulle het hulle nie self daarvoor uitgelaat nie en die redes sou van individu tot individu verskil het. Tog het die behoefte aan arbeiders stellig as 'n sterk motief vir baie Voortrekkers gedien. Gepaardgaande hiermee kon van die Voortrekkers die mening huldig dat hulle hul ingeboekte slawe se dienste vir die volle duur van die inboekperiode tot 1 Desember 1838 mog benut, aangesien hulle volgens die vrystellingswet daarop geregtig was.¹⁶

Omdat in die Kaapkolonie gesloer is met die uitbetaling van die kompensasielgeld aan die voormalige slawe-eienaars, het van die Voortrekkers die Kolonie verlaat voordat hulle die geld ontvang het. Selfs in 1840 was daar nog 'n hele aantal Voortrekkers wat nie hul kompensasielgeld opgeëis het nie.¹⁷ Hierdie vertraging met die uitbetaling, gesien teen die agtergrond van die wantroue wat daar reeds teenoor die Britse regering bestaan het, kon van die Voortrekkers aangespoor het om hul ingeboekte arbeiders uit die Kolonie te neem. Die teendeel is ook moontlik, naamlik dat dit juis die klein bedrag was wat aan kompensasielgeld uitbetaal is wat tot hierdie optrede van die Voortrekkers aanleiding gegee het.

'n Laaste faktor wat nie buite rekening gelaat kan word nie, is die goeie verhouding wat tussen die ingeboekte slaaf en sy werkgewer bestaan het, sodat eersgenoemde sy werkgewer vrywillig vergesel het. Dit sou meebring dat hierdie ingeboektes toe die geleentheid in 1838 daar was om na die Kolonie terug te keer, verkies het om by hul werkgewers te bly.

Wat ook al die redes was vir die Voortrekkers om ingeboekte slawe saam met hulle op trek te neem, het hulle daardeur die betrokke wette doelbewus oortree. Dit spreek vanself dat hierdie optrede deel uitgemaak het van hul opstand teen die Britse gesag.¹⁸

By twee geleenthede is in *The Graham's Town Journal* beweringe gemaak waaruit afgelei moet word dat die Voortrekkers nie hul ingeboekte slawe onder dwang uit die Kolonie geneem het nie. Op 12 Mei 1836 het 'n korrespondent verklaar dat die geringe aantal Voortrekkers wat ingeboekte slawe in hul diens gehad het "are only anxious to get the compensation paid, and release their apprentices altogether from their apprenticeship, well knowing that beyond the frontier there is abundance of free labour for almost nothing".¹⁹ Majoor C. Charters, wat in Desember 1838 gestuur is om Port Natal te beset, se bewering dat baie ingeboekte slawe, sommige

14. B.J. Liebenberg, *Die vrystelling van die slawe in die Kaapkolonie en die implikasies daarvan* (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.O.V.S., 1959), p. 76.

15. K.A.B.: 1/CDK Letters despatched to Secretary of Govt.: Gilfillan - Hudson, 13-11-1837, p. 48.

16. Liebenberg, *Die vrystelling van die slawe*, p. 40.

17. *Ibid.*, pp. 171 en 176.

18. C.F.J. Muller, 'Waarom die Groot Trek geslaag het', *Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika*, B.12 (1960), pp. 4-5.

19. *The Graham's Town Journal*, 12-5-1836 (To the Right Honorable Lord Glenelg, Albany, 7-5-1836).

onder dwang die Voortrekkers vergesel het,²⁰ is deur 'n ander korrespondent weerspreek. Volgens hom het die Voortrekkers die Kolonie tydsaam verlaat en dit was gevolglik onmoontlik om hul uittog sowel as die teenwoordigheid van ingeboekte slawe by hulle geheim te hou.²¹ Onder sulke omstandighede sou daar nie sprake van dwang kon wees nie.

Hierdie standpunt ten spyt, het daar wel gevalle onder regeringsamptenare se aandag gekom van Voortrekkers wat hul ingeboekte slawe teen hulle sin oor die Koloniale grens geneem het, of beplan het om dit te doen. Op 29 Junie 1837 het Jephtha, die weggeloopte ingeboekte slaaf van Jacobus Philipus Moolman, byvoorbeeld aan P. McRosty, die vrederegtter van Albanie, verklaar dat Moolman 'n paar maande vantevore die distrik Uitenhage verlaat het met die doel om hom permanent buite die Kolonie te vestig. Om te verhoed dat Moolman sy agt ingeboekte slawe oor die grens neem, het die vrederegtter van Uitenhage hom verplig om iemand te kry wat vir hom borg sou staan. Hieraan het Moolman voldoen: sy borg, A.M. Muller, het onderneem om £500 aan die regering te betaal indien Moolman sy ingeboekte slawe saam met hom oor die grens neem. Moolman het egter voortgetrek en terwyl hy nog in die Kolonie was, het een van sy ingeboekte slawe weggeloop. Nadat hy die grens oorgesteek het, het hy sy oorblywende ingeboekte slawe meegedeel dat hulle by hom moet bly totdat Piet Uys opdaag. Later het Moolman nog verder die Transoranje binnegetrek sonder om sy ingeboekte slawe te laat gaan. In daardie stadium het Jephtha weggeloop.²² Nadat Jephtha sy verklaring afgelê het, het Moolman al sy ingeboekte slawe na die Kolonie teruggestuur en 'n agent aangestel om hulle teen vergoeding aan ander persone te verhuur. Volgens die prokureur-generaal was so 'n verhuring onwettig en strafbaar met verbanning uit die Kolonie.²³

Net soos Moolman moes Louis Jacobus Nel van die plaas Commandofontein aan die Koonap borge verkry om £400 aan die regering te betaal as hy sy ingeboekte slawe oor die Kolonie se grens neem. Op 29 November 1837 het die twee borge die spesiale magistraat op Fort Beaufort, A.B. Armstrong, meegedeel dat Nel reeds begin trek het en sy sewe ingeboekte slawe, waarvoor hy reeds kompensasiiegeld ontvang het, met hom saamneem. Armstrong het Nel in die geselskap van twintig boerefamilies met hul besittings onder die Winterberg opgespoor. Nel se sewe ingeboekte slawe, sowel as vier ander ingeboektes van boere uit ander distrikte, is onmiddellik vrygestel. Al die slawe, met die uitsondering van drie, het vrywillig aangebied om hul werkgewers tot by die Oranje te vergesel - iets wat Armstrong juis wou verhoed het - terwyl een slavin te kenne gegee het dat sy van plan was om saam met haar werkgewer en sy familie die Kolonie te verlaat.²⁴

'n Veel ernstiger aanklag is deur Andries, ingeboekte slaaf, teen sy baas, Daniel Jacobus Robbertze (Robbertse), ingebring. Volgens Andries het Robbertze hom oorreed om hom tot oorkant die Oranje te vergesel waar hy vrygestel en na die Kolonie teruggestuur sou word. Robbertze het egter nie woord gehou nie en Andries, sy vrou en vier kinders saam met nog ses ander ingeboektes het na die Kolonie teruggevlug. Op pad daarheen het Andries en sy familie van die ander ingeboekte slawe geskei geraak. Voordat hulle die Kolonie kon bereik, is hulle deur 'n groep "Mantatese", wat volgens Andries deur Robbertze gehuur was om hulle te vang en na hom terug te neem, beroof en daarna weer vrygelaat. As gevolg van sy vlug na die Kolonie was Andries genoodsaak om 220 van sy skape en bokke by sy werkgewer agter te laat.²⁵

20. *The Graham's Town Journal*, 12-12-1839 (Notices of the Cape and South Africa since the appointment of Major General Napier - by Major Charters). Ook in *The Commercial Advertiser*, 30-11-1839.

21. *The Graham's Town Journal*, 19-12-1839 (Original Correspondence: Major Charters - A Farmer, 9-12-1839).

22. K.A.B.: CO 465 Letters received from Special Justices: verklaring van Jephtha (ingesluit in Sherwin - Secretary to Govt., 9-7-1837, no. 67). Hierna slegs CO 465.

23. K.A.B.: CO 465: Sherwin - Secretary to Govt., 6-10-1837, no. 109.

24. J.C. Visagie, 'Louis Jacobus Nel: 'n Voortrekker uit die tweede linie', *Kronos* III, 1980, pp. 53-54.

25. K.A.B.: GH 8/5 Lt. Governor Despatches: Extract from the journal kept by the Special Justice for the District of Cradock (enclosure no. 3 in McRosty - D'Urban, 23-11-1837, no. 334).

Die geval van die ingeboekte slavin Dina verdien ook vermelding. In 'n verklaring aan F. Rawstorne, siviele kommissaris van Colesberg, meld sy dat sy in die begin van 1837 teen haar sin uit die Kolonie geneem is en uit Natal moes terugloop.²⁶

Reaksie van die filantropie en die owerheid

Dit is nie moontlik om vas te stel hoeveel waarheid daar in soortgelyke aanklagte soos hierbo vermeld, gesteeek het nie. Dit is egter duidelik dat die ingeboekte slawe daarvan bewus was dat dit onwettig was om hulle uit die Kolonie weg te neem. Die regering het ook alles in die stryd gewerp om sodanige optrede te verhoed, soos blyk uit Armstrong se optrede teen Louis Nel. Volgens 'n regeringskennissgewing van 15 Maart 1838 is amptenare versoek om alles in hul vermoë te doen om te voorkom dat ingeboekte slawe deur hul werkgewers uit die Kolonie geneem word. Die ingeboektes moes ingelig word dat as hulle in die Kolonie bly, hulle op die beskerming van die regering geregtig was.²⁷

Die amptenare het klaarblyklik probleme ondervind om te verhoed dat ingeboekte slawe oor die Koloniale grens geneem word, vandaar dat ingeboektes wel by die Voortrekkers aanwesig was. Volgens die siviele kommissaris van Cradock was dit moeilik om vas te stel watter boere beplan het om na die binneland te emigreer, omdat hulle selde hul voorneme om te trek bekend gemaak het en sodoende die wet kon ontduik.²⁸

Siviele kommissaris Rawstorne het selfs so ver gegaan om briewe aan twee Voortrekkers wat van Colesberg afkomstig was, te skryf waarin hy hulle versoek het om hul ingeboekte slawe na die Kolonie terug te stuur. Nie een van hulle, van wie Sarel Cilliers een was, het op sy skrywe gereageer nie.²⁹

Die wegneem van die ingeboekte slawe uit die Kolonie het die Voortrekkers se beeld en geloofwaardigheid ernstig geskaad; daarom het die herhaalde versekering uit Voortrekkergeleedere dat die ingeboekte slawe in hulle midde op 1 Desember 1838 vrygestel sou word,³⁰ geen indruk op die Britse regering gemaak nie. Dit het verder gedurende die ontplooiingsfase van die Groot Trek meegebring dat die onwelkome aandag van die Imperiale owerheid in Londen, die filantropie en die Kaapse regering op die Voortrekkers se optrede gevestig is.

Op 11 Februarie 1837, kort nadat Piet Retief se manifes in *The Graham's Town Journal* gepubliseer is, het John Fairbairn, die redakteur van *The South African Commercial Advertiser*, in 'n artikel na Retief verwys as 'n man "who states that in the country to which he is bound, he will take care that no one shall be held in a state of slavery! We would not, however, advise any one who has ever been held in a state of slavery, to trust himself with a chief who considers Emancipation an evil."³¹ Byna agtien maande later, op 22 Augustus 1838, het J. Fairbairn daarop gewys dat "these Natal emigrants had openly carried with them to the shambles in the interior the apprentices who had been redeemed by British Money."³²

In Brittanje het die koerante met groot verontwaardiging melding gemaak van die Voortrekkers wat hul ingeboekte arbeiders as slawe uit die Kolonie weggevoer het.

26. K.A.B.: CO 2778 Letters received from Civil Commissioner Colesberg: Verklaring van Dina, 24-9-1838 (ingesluit in Rawstorne - Secretary to Govt., 6-10-1838, no. 59, pp. 166-170). Hierna slegs CO 2778.

27. J.C. Chase, *The Natal Papers II* (Kaapstad, 1968), p. 17.

28. K.A.B.: G.H.8/5: Gilliian - Hudson, 13-11-1837 (enclosure no. 2 in McRosty - D'Urban, 23-11-1837, no. 334).

29. K.A.B.: L.G. 194 Letters received from Civil Commissioner, Colesberg: Ongeadresseerde en ongenommerde brief van Rawstorne, 19-8-1838, pp. 183-186.

30. Sien in hierdie verband die volgende berigte in *The Graham's Town Journal*, 13-7-1837 (The Emigrant Farmers); K.A.B.: 23-8-1838 (J. Boshof - The Emigrant Farmers, no. III); K.A.B.: G.H.28/13 Enclosures to despatches, Secretary of State, London: Parker - Maj. Charters, 20-7-1838, no. 52; K.A.B.: L.G.194, bylae: Joubert - Rawstorne, 11-7-1838, no. 47.

31. *The Commercial Advertiser*, 11-12-1837 (On Emigration).

32. Aangehaal deur Muller, *Die Britse owerheid en die Groot Trek* (Pretoria, 1969), p. 240 en *The Graham's Town Journal*, 6-9-1838 (Editorial).

Die Aborigines Protection Society het met verwysing na hierdie aangeleentheid in sy verslag van Mei 1838 vermeld dat die Voortrekkers baie ingeboektes, ingeslote diegene vir wie reeds kompensasieregeld uitbetaal is, met hulle saamgeneem het om as slawe te behou.³³

Toe lord Glenelg, die Britse Minister van Kolonies, verneem dat die Voortrekkers hul ingeboekte slawe met hulle oor die grense van die Kolonie saamneem, het hy besluit om in te gryp. Op grond van wat hy van sy inligtingsbron (wat hy as "entitled to much weight" beskou het) verneem het, het hy die Kaapse goewerneur Napier aangesê om onmiddellik ondersoek in te stel en indien daar enige waarheid in die berigte sou steek, moes hy in samewerking met luitenant-goewerneur Andries Stockenström maatreëls tref om die ingeboektes van slawerny te red. Glenelg het selfs aanbevelings gemaak oor hoe dit gedoen kon word. Die luitenant-goewerneur moes van alle Voortrekkerleiers die onmiddellike vrystelling van alle ingeboektes eis. Om die ingeboekte slawe wat na Natal geneem is na die Kolonie terug te bring, moes 'n oorlogskip na Port Natal gestuur word. Glenelg het ook voorgestel dat 'n klein afdeling soldate by elk van die belangrikste driewwe deur die Oranjerivier gestasioneer word om toe te sien dat ingeboektes nie onder dwang uit die Kolonie geneem word nie.³⁴

Napier se ondersoek

Na ontvangs van hierdie brief van Glenelg het Napier die siviele kommissaris van Colesberg opdrag gegee om alle moontlike inligting met betrekking tot die ingeboekte slawe wat by die Voortrekkers teenwoordig was, van veldkornet Gideon Joubert te verkry.³⁵ Joubert het op eie inisiatief in Mei 1838 in die geselskap van J.N. Boshof, klerk van die siviele kommissaris van Graaff-Reinet, die Voortrekkers in Natal besoek.

In sy verslag oor hierdie besoek het Joubert homself beskryf as "een vriend van governemend wetten als ook van de Trekboeren (dit wil sê die Voortrekkers) ..., dog een vyand van het trekken en u Edele dus van mij onpartydig de waarhijd sal aanneemen."³⁶ Volgens Joubert het hy op eie versoek voor die Volksraad in Natal verskyn en die lede meegedeel dat hy met "leedwese" ingeboekte slawe onder die Voortrekkers bemerk het en dat dit strydig was met die wette van die Kolonie; daarom het hy voorgestel dat alle ingeboektes spoedig vrygestel moet word. Die Volksraad het hom toe te kenne gegee dat dit hul vaste voorneme was om die ingeboektes op die laaste dag van daardie jaar vry te stel soos dit deur die Koloniale regering bepaal is. Op sy versoek het die Volksraad egter onderneem om dit vroeër te doen. Daarbenewens het Joubert bevind dat daar 'n algemene gevoel teen slawerny onder die Voortrekkers bestaan het en dat daar daarom geen slawerny onder hulle geduld sou word nie. "De behandeling met die swarte onder hun sien ik niet onredelik. Het scheidnd of het op de koers gaat als hier hoewel u Edele moet veronderstellen dat sy geen krag heb te straffen soo sterk en naawkeurig uijt te voeren als hier. Is egter straffen uijtgevoert. Ik heb geen onbetamelijkhijt omtrent de swarte sien pleegen."³⁷

Die inligting wat Joubert oor hierdie ingeboektes en die Voortrekkers se sienswyse in verband met slawerny verskaf het, is deur sy reisgenoot Boshof³⁸ en die Natalse Volksraad in hul brief aan goewerneur Napier onderskryf. Die Volksraad het voorts verklaar dat "should Mr. Gideon Joubert do justice to truth, his report on the emancipation of the apprentices will show ... our readiness on complying with the wishes of Government."³⁹ Hierdie verslag van Joubert moes die goewerneur

33. W.B. Boyce, *Notes on South African Affairs* (Kaapstad, 1971), p. 144.

34. K.A.B.: GH 1/120 Papers received from Secretary of State, London: Glenelg - Napier, 24-4-1838, no. 51; J. Bird, *The annals of Natal I* (Kaapstad, 1965), pp. 391-392.

35. K.A.B.: 1/CBG 4/1/1 Letters received by Civil Commissioner: Hudson - Rawstorne, 16-8-1838.

36. K.A.B.: LG 194 bylae: Joubert - Rawstorne, 11-7-1838, no. 47.

37. *Ibid.*

38. *De Zuid-Afrikaan*, 7-9-1838 (J. Boshof - De Uitgewekene Boeren, Brief no. 111); ook in *The Graham's Town Journal*, 23-8-1838.

39. Chase, *The Natal Papers II*, p. 45.

toevallig byna gelyktydig met Glenelg se opdrag bereik het; vandaar Napier se versoek dat Joubert geraadpleeg moet word.

Rawstorne het die gevraagde inligting so vinnig moontlik ingewin deur Joubert, Piet Cilliers - een van die boere wat Joubert in Mei 1838 na Natal vergesel het - en I. Lemaire, 'n Duitse botanis wat van 'n besoek aan die Voortrekkers teruggekeer het, te ondervra. Volgens Joubert was daar dertien ingeboekte slawe by die trekgeselskappe van Gert Maritz en Karel Landman. Hy kon egter nie vasstel of daar by Hendrik Potgieter se geselskap enige ingeboektes aanwesig was nie. Van Landman het Joubert verneem dat al die ingeboektes by sy geselskap vry verklaar is toe hulle nog by Modderrivier gestaan het. Joubert was ook feitlik seker dat die grootste aantal van die ingeboektes hul dienshere vrywillig gevolg het en dat hulle uit eie wil by die Voortrekkers gebly het. Hy was onseker of daar 'n wet onder die Voortrekkers bestaan het vir die algemene vrystelling van die ingeboektes, maar daar het 'n gevoel geheers dat vrystelling sou geskied. Wette om diegene te straf wat hul ingeboekte slawe mishandel het, het wel bestaan. Terwyl hy by Maritz se laer was, het Maritz 'n sekere Eduard Loots beboet omdat hy 'n perd van 'n ingeboekte slaaf gebruik het sonder die eienaar se verlot. Joubert was ook nie seker of die ingeboektes begerig was om na die Kolonie terug te keer nie. Volgens hom het kommandant Gert Rudolph grond aan sy ingeboekte slawe belowe op voorwaarde dat hulle in Natal sou aanbly. Piet Cilliers het Joubert se verklaring beaam, dog hy was van mening dat daar nie meer as ses ingeboekte arbeiders by die Voortrekkers aanwesig was nie.⁴⁰

As 'n neutrale waarnemer het Lemaire insiggewende inligting aan Rawstorne oorgedra. Hy het vertel dat voordat hy in die geselskap van John Montgomery⁴¹ in Julie 1837 na die Transoranje sou vertrek, 'n groep van vyf of ses ingeboekte slawe van Piet Uys op Montgomery se plaas aangekom het. Hulle het 'n pas van Piet Uys by hulle gehad waarmee hy hulle verlot gegee het om na die Kolonie terug te keer. Montgomery het hierdie ingeboektes onmiddellik gehuur om hom na die Voortrekkerlaers te vergesel. Met hulle aankoms by Piet Uys se laer het die Voortrekkerleier die ingeboekte arbeiders herken. Volgens Uys wou hy niks meer met slawerny te doen hê nie en net nadat hy die Oranje oorgesteek het, het hy en die mense van sy trek besluit om hulle ingeboekte slawe na die Kolonie terug te stuur. Slegs een bejaarde slavin het geweier om na die Kolonie terug te keer omdat sy te oud was om daar 'n verdienste te maak. Hierdie eertydse ingeboektes van Uys het weer met Montgomery na die Kolonie teruggekeer.

In Gert Maritz se laer het Lemaire verskeie ingeboektes gesien, maar was nie seker van die presiese getal nie. Hy kon ook nie vasstel of hierdie ingeboekte slawe hul werkgewers vrywillig gevolg het nie, maar hy was wel bewus van een slavin wat begerig was om na die Kolonie terug te keer. Hy het egter nie kennis gedra van klagtes van mishandeling van die kant van die ingeboekte slawe nie. Hy was wel bewus van ingeboekte slawe wat weggeloo het voordat die Voortrekkers die Drakensberg bereik het. Hierdie ingeboektes het hy by die Franse sendeling Samuel Rolland op die sendingstasie Beersbeba aangetref. Rawstorne het sy verslag afgesluit met sy indruk dat daar groter getalle ingeboektes onder die Voortrekkers was. Hy het egter die hoop uitgespreek dat hy wel verkeerd kon wees.⁴²

Edward Parker van Port Natal het in 'n brief gedateer 20 Julie 1838, oostaande getuienis bevestig en hom soos volg uitgelaat: "They (Voortrekkers) have brought very few slaves with them, and these say they came of their own accord. The boers declare their intentions of making them free when the term of apprenticeship shall expire in the Colony."⁴³

40. K.A.B.: LG 194: Rawstorne - Hudson, 25-8-1838, no. 53.

41. John Montgomery was 'n Ierse immigrant wat in 1820 na die Kaapkolonie gekom het. In 1837 het hy in die omgewing van die Bamboesberg, ongeveer halfpad tussen Cradock en Burgersdorp, geboer. Volgens Montgomery het hy in Augustus 1837 op 'n handelsekspedisie na die binneland vertrek en terselfdertyd wou hy uitstaande skuld onder die Voortrekkers invorder (A. Giffard (red.), *The reminiscences of John Montgomery* (Kaapstad, 1981), pp. 1, 3 en 117).

42. K.A.B.: LG 194: Rawstorne - Hudson, 25-8-1838, no. 53.

43. K.A.B.: GH 28/13 bylae: Parker - Maj. Charters, 20-7-1838, no. 52; Ook in *De Ware Afrikaan*, 13-9-1838.

Goewerneur sir George Napier het Colesberg in September 1838 persoonlik besoek omdat hy die dorp as die middelpunt beskou het van die verskillende roetes wat die boere gebruik het om die Oranjerivier oor te steek. Nieteenstaande al die inligting in verband met die ingeboektes waaroor hy beskik het, het hy by sy aankoms te Colesberg besluit "to send for a most respectable farmer of great weight and influence named Joubert." Napier het 'n ontmoeting met Joubert as baie belangrik beskou omdat hy Natal reeds in Mei 1838 besoek het en dus eerste-handse inligting beskikbaar sou hê.⁴⁴

Uit hierdie gesprekke met Joubert het dit vir Napier duidelik geword dat die Voortrekkers die ingeboekte slawe op 1 Desember 1838 sou vrylaat en dat hulle geen begeerte gehad het om slawerny te bedryf nie. Van Joubert het Napier verneem dat daar nie meer as 30 ingeboektes by die Voortrekkers kon wees nie. Joubert het die goewerneur ook meegedeel dat hy in staat sou wees om daardie ingeboektes wat nie by die Voortrekkers wou bly nie, na die Kolonie terug te bring. Napier het daarop met Joubert gereël dat hy die reis sou onderneem en hy was van mening dat Joubert binne 'n maand gereed sou wees om te vertrek.⁴⁵

Hoewel dit nêrens genoem word nie, kan afgelei word dat die gedagte van Joubert se sending na Natal gegroei het uit die gesprek tussen hom en die goewerneur. Bewus daarvan dat Glenelg in sy skrywe van 24 April 1838 sekere voorstelle gemaak het oor hoe die ingeboektes na die Kolonie teruggebring moet word, moes dit vir Napier tydens sy gesprekke met Joubert duidelik geword het dat die veldkornet die regte persoon vir die besondere taak was. Hy het die roete na Natal geken en het geweet waar die Voortrekkers hulle bevind het. Op sy vorige besoek het hy reeds die kwessie van die ingeboektes aangeroer. As gevolg van Joubert se afkeur van die trekbeweging en sy reputasie as 'n geloofwaardige persoon en betroubare regeringsondersteuner⁴⁶, sou sy verslag die mees skeptiese leser, selfs in Londen, tevrede kon stel. Joubert as Hollandssprekende grensboer wat die Voortrekkers persoonlik geken het, sou die saak ook beter as enige ander persoon kon hanteer; daarom was dit te verwagte dat hy makliker die samewerking van die Voortrekkers sou verkry. Op versoek van die goewerneur het Joubert onmiddellik ingewillig om die reis te onderneem.

Tydens die besoek aan Colesberg het Adam Kok ook met Napier samesprekings gevoer. Wat betref die getal ingeboektes wat onder die Voortrekkers verkeer het, het Kok ook gemeen dat dit nie meer as 20 of 30 kon wees nie. Ter stawing van sy mening het hy Napier meegedeel dat daar onder 'n trekgeselskap met 60 waens slegs twee ingeboektes teenwoordig was.

Dit kan aanvaar word dat Napier, nadat hy met Rawstorne, Joubert en ander samesprekings gevoer het en ook die omgewing van die Oranjerivier besoek het, die onuitvoerbaarheid van Glenelg se voorgestelde militêre poste langs die Oranje ingesien het. Hoewel Joubert se naam in hierdie verband glad nie genoem word nie, het hy as veldkornet al baie jare lank probleme ondervind om smokkelhandel in drank en vuurwapens te bekamp. As die persoon met die meeste ervaring van grenstoestande langs die Oranje, is dit net logies dat hy Napier op die probleme sou wys wat uit Glenelg se voorstelle kon spruit, aangesien Napier self onbekend met die toestande daar was.

Nadat Napier sy ondersoek afgehandel het, het hy Glenelg meegedeel dat sy voorgestelde plan onuitvoerbaar was en dat hy in die lig daarvan Joubert gaan stuur om die ingeboektes na die Kolonie terug te bring.⁴⁷

Joubert na Natal

Daar is ooreengekom dat Joubert sou vertrek sodra hy sy instruksies wat Napier na sy aankoms in Kaapstad aan hom sou stuur, ontvang het. Op 22 Oktober 1838 het


44. K.A.B.: GH 23/12 Papers despatched, Secretary of State: Napier - Glenelg, 21-9-1838, no. 53.

45. *Ibid.*

46. C. Venter, 'Gideon Joubert, uitgesproke teenstander van die Groot Trek, 1835-1836' *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 13, 1981, pp. 40-47.

47. K.A.B.: GH 23/12: Napier - Glenelg, 21-9-1838, no. 53.

JOUBERT SE SENDING NA NATAL 22 OKT - 14 NOV 1838



hy en sy geselskap na Natal vertrek sonder die instruksies van die goewerneur. Die belangrikste oorweging vir sy haastige vertrek was dat hy inligting vanuit Natal ontvang het dat die Voortrekkers 'n kommando teen Dingane beplan het en die vrees het bestaan dat die ingeboekte slawe die kommando kon vergesel. Rawstorne was persoonlik van mening dat Joubert dit moet voorkom.⁴⁸ Joubert het op 25 November, dit wil sê eers ná afloop van sy besoek aan die Natalse Voortrekkers, die instruksies van Napier ontvang en hy was baie in sy skik toe hy besef dat volgens die meerderheid van die bepalings daarin vervat, gehandel is.⁴⁹

Hierdie opdragte "for the guidance of Field-Cornet Joubert, on his mission from the Governor of the Cape of Good Hope, to the Emigrant Colonial Farmers"⁵⁰ is op 16 Oktober 1838 deur Napier onderteken en bestaan uit tien klousules waarvan slegs die eerste vier direk met die ingeboektes verband hou. Hierin wys Napier daarop dat die "ontvoering" van 'n aantal van die ingeboekte slawe deur die Voortrekkers 'n sterk gevoel van verontwaardiging by die Imperiale regering laat ontstaan het; daarom het hy aan Joubert die belangrike taak opgedra om alle ingeboektes van die Voortrekkers te eis, afgesien daarvan of hulle die Kolonie onder dwang of vrywillig verlaat het. Joubert moes aan die Voortrekkers, sowel as aan die ingeboekte slawe verduidelik dat indien daar enige van die ingeboektes was wat nie na die Kolonie wou terugkeer nie, hy nie daarop sou aandring nie. In daardie geval moes hy persoonlike verklarings van die ingeboektes in dié verband afneem.

Joubert het op sy tog deur die Transoranje die Voortrekkerlaers van Jacob de Clerk, Pieter Jacobs en Hendrik Potgieter aangedoen.⁵¹ Hy het hierdie Voortrekkers omtrent die doel van sy koms ingelig en gereë dat hy met sy terugreis die ingeboektes wat na die Kolonie wou terugkeer, sou kom haal. Die Voortrekkers het met hierdie reëling akkoord gegaan.

Op 5 November 1838 het Joubert en sy geselskap by die laer van Jacobus Potgieter aan die Klein-Tugela aangekom. Op 7 en 8 November het die ingeboekte slawe - in veel groter getalle as wat hy verwag het - voor hom verskyn en hy het aan hulle die doel van sy koms verduidelik. Sommige het verkies om in Natal te bly en van hulle het hy beëdigde verklarings afgeneem, terwyl sommige verkies het om saam met hom na die Kolonie terug te keer. By hierdie geleentheid het Bernard Rudolph, volgens Joubert die magistraat van Soelaer, met die goedkeuring van die ander Voortrekkers die ingeboekte slawe vry verklaar.⁵² Erasmus Smit beskryf die gebeure soos volg: "Heden werden de gewezen slaven (allen welgekleed en bij hunne zinnen) voor de heer Gideon Joubert gedaagd en onderzocht: allen (op zes na) verklaarden dat zij't zeer goed hebbe bij hunne meesters; dat zij vrywillig zijn medegegaan; en dat zij niet weer willen terugtrekken."⁵³

Van die Klein-Tugela tot by Port Natal het Joubert dieselfde prosedure gevolg en orals het hy die heelhartige samewerking van die Voortrekkers verkry. Slegs die volgende insidente kan hier genoem word. By die klein laer van Casper Badenhorst was die enigste ingeboekte slawe Adonis, sy vrou en hul kinders. Adonis het Joubert meegedeel dat Badenhorst onderneem het om hulle na afloop van die kommando teen Dingane na die Kolonie terug te neem. Aangesien die geleentheid bestaan het om saam met Joubert na die Kolonie terug te gaan, sou hulle hom op sy

48. K.A.B.: CO 2778: Rawstorne - Bell, 6-10-1838, no. 58.

49. K.A.B.: CO 2778: bylae: Verslag van Joubert, 19-12-1838, no. 94.

50. K.A.B.: GH 28/13, no. 59, bylae: Instructions for the guidance of Field-Cornet Joubert on his Mission from the Governor ... to the Emigrant Farmers, 16-10-1838. Ook opgeneem in Bird, *The annals of Natal I*, pp. 415-417 en Chase, *The Natal Papers II*, pp. 40-42.

51. Hierdie verslag aan Joubert in CO 2778, no. 94 van 19-12-1838 verskaf waardevolle inligting oor onder meer die standplase van die Voortrekkerlaers. 'n Getroue weergawe van hierdie verslag is opgeneem in E.G. Jansen, *Die Voortrekkers in Natal* (Kaapstad, 1938), pp. 14-34. Joubert het geen melding gemaak dat hy Hendrik Potgieter persoonlik tydens hierdie besoek ontmoet het nie. Sy biograwe (C. Potgieter en N.H. Theunissen, *Kommandant-generaal Hendrik Potgieter* (Johannesburg, 1938), p. 109 verwar hierdie besoek van Joubert in Oktober met sy eerste besoek in Mei aan Natal.

52. K.A.B.: CO 2778, no. 94, bylae: Verslag van Joubert, 19-12-1838.

53. G.S. Preller, *Voortrekkermense II* (Kaapstad, 1920), p. 250 (Erasmus Smit, Dagboek, 7-11-1838).

terugreis vergesel. Op sy terugreis vanaf Port Natal het Joubert weer by Casper Badenhorst aangegaan om Adonis en sy gesin saam te neem. Adonis het begin twyfel of hy moet saamgaan, want hy was bang dat hy skade sou ly omdat sy beeste en bokke besig was om te kalf en te lam. Op sy vrou se aandrang het hy haar en sy kinders saam met Joubert gestuur met die versoek om haar in sy diens te neem totdat hy weer in die Kolonie sou kom. Hy en een van sy seuns sou met die vee in hul eie tyd terugkeer. Joubert moes byna 'n wavrag van Adonis se besittings opklaar. Dit wil dus voorkom asof sommige van die ingeboekte arbeiders materieel nie sleg daaraan toe was nie.

Nadat Joubert aan Karel Landman die doel van sy sending bekendgemaak het, het dié hom meegedeel dat hy reeds sy twee ingeboektes per skip na die Kolonie teruggestuur het en hul passaat betaal het.⁵⁴ Dit moet na Landman se optrede wees waarna Chase verwys het as hy meld dat "two of them (ingeboekte slawe) had been sent round to the Colony from Natal in the schooner *Mary*, in the preceding month of October, the Master paying the expences of their voyage, that they might be in the Colony on the termination of their apprenticeship, the first of December."⁵⁵

By die laer van wyle Piet Uys het Joubert drie jong kinders aangetref van wie die oudste veertien jaar was en wie se moeder nog in die Kolonie gewoon het. Hul moeder, 'n ingeboekte slavin, het hulle volgens hul eie verklarings, in die Kolonie aan die sorg van Piet Uys opgedra. Joubert wou hulle teen hul sin dwing om hom te vergesel, maar hy het skielik onverwagte teenstand ondervind. "Sij kleefde hun juffrou de weduwee Uys aan en wilde niet van hun moeder hooren toen ik aandrang begon sij huijen en schreeuwden drijgde mij in de bosse te ontsnappen."⁵⁶ Hy het hulle daar gelaat, maar geen verklarings van hulle afgeneem nie, omdat hulle te jonk was. Lede van sy geselskap moes egter oor hierdie aangeleentheid beëdigde verklarings vir hom onderteken.

Joubert het ook probleme met die ingeboekte slawe ondervind. By die laer van Gert Rudolph aan die Klein-Tugela het drie wat hom aanvanklik na die Kolonie sou vergesel, skielik besluit om in Natal te bly. Toe hy hulle laat roep om verklarings van hulle af te neem, het hulle nie opgedaag nie en hy het die saak daar gelaat, want "ik was juifs vol want het schijn dat sij mij met ondank aan sag in dat laagere ik sag veelen van hun nu reeds by andere verhuurt ben andere op hun selven."⁵⁷ Joubert het hom dus vererg vir die optrede van die ingeboektes. "I was disgusted" stel die Engelse vertaling van sy reisjoernaal dit.⁵⁸

Toe Joubert op die punt gestaan het om Natal te verlaat, was drie van die ingeboektes wat hy van Port Natal af saamgebring het, nie teenwoordig nie. Hy het hulle laat roep en "sij gaf mij te kinnin dat sij hun verhuurt heb en daar sal blyven sij keerde mij de rug en ging in de lager vergetende mijne moeite met hun van de baaij tot hier en ook het gouvernemends kosten aan hun gedaan sij vergoten hun verschuldigde dank ik het hun vaaren soo als sij sijn."⁵⁹

Op sy terugreis deur die Transoranje het Joubert volgens afspraak die ingeboekte slawe wat hom sou vergesel, by die Voortrekkerlaers gekry. By Hendrik Potgieter se laer het hy verneem dat die ingeboekte slawe reeds sedert 30 Oktober - d.w.s. die dag waarop Joubert tydens sy heenreis na Natal die laer besoek het - vrygestel is. Al hierdie ingeboektes het verkies om Joubert te vergesel, behalwe een oue genaamd Fortuin wat deur Andries Beetge soos 'n kind versorg is. Dit is interessant dat Joubert die Britsgesinde trekboere langs die Modderrivier besoek het en tien ingeboektes daar gevind het van wie slegs een hom vergesel het. Die ander was klaarblyklik reeds vrygestel. Joubert het egter na sy aankoms op sy plaas op 13 Desember 1838 erken dat dit vir hom onmoontlik was om al die trekboere langs die

54. K.A.B.: CO 2778, bylae: Verslag van Joubert, 19-12-1838, no. 94.

55. Chase, *The Natal Papers* II, p. 43; Hierdie berig verskyn ook in *De Zuid-Afrikaan*, 2-11-1838 en *The Graham's Town Journal*, 25-10-1838, maar Landman se naam word nie daarin genoem nie.

56. K.A.B.: CO 2778 bylae: Verslag van Joubert, 19-12-1838, no. 94.

57. *Ibid.*

58. G.H. 16/105 Duplicate despatches, Secretary of State, London: Engelse vertaling van Joubert se verslag, 19-12-1838 (enclosure no. I, in Napier - Glenelg, 4-2-1839, no. 13).

59. K.A.B.: CO 2778, bylae: Verslag van Joubert, 19-12-1838, no. 94.

Riet- en Modderrivier op te soek, "dog ik reden te gelooven dat soo er nog eenige aprentisen sijn sij tans vrij sijn want de menschen hout hun nog vas aan wetten en kerk."⁶⁰

Hierdie laaste opmerking is om verskeie redes insiggewend. Eerstens maak hy 'n beslisse onderskeid tussen die Voortrekkers en die Britsgesinde trekboere en daarom tree hy verskillend teenoor die twee groepe op. Volgens sy opdragte het hy elke Voortrekkerkamp besoek om die ingeboekte slawe na die Kolonie terug te bring, maar hy aanvaar dat die trekboere hul ingeboekte slawe reeds uit eie wil in daardie stadium vrygestel het en dat hy dus nie nodig gehad het om hulle na die Kolonie terug te bring nie. Volgens Joubert se opdragte wil dit voorkom asof goewerneur Napier self ook 'n onderskeid gemaak het tussen die Emigrante (d.w.s. die Voortrekkers) en die trekboere. Nêrens word vermeld dat Joubert die ingeboekte slawe by alle blankes buite die grense moes gaan haal nie.

Siviele kommissaris Rawstorne het ook 'n onderskeid getref tussen Voortrekkers en ander persone wat die grens oorgesteek het. Op 19 Augustus 1838 het hy verklaar dat sedert sy aanstelling as siviele kommissaris op Colesberg die vorige jaar, slegs veertien ingeboekte slawe by hom om hulp aangeklop het. Sommige het buite die Kolonie van hul werkgewers weggeloop, terwyl ander hom gevra het om hul werkgewers te verhoed om hulle oor die grens te neem. Hierdie werkgewers was, volgens Rawstorne, nie in alle gevalle persone wat tot "the Emigrant Camps" - ofte wel Voortrekkers - behoort het nie; maar die meerderheid was handelaars of trekboeke wat weiding vir hul vee gaan soek het.⁶¹ Dit wil dus voorkom asof sommige trekboere voortgegaan het om hul ingeboekte slawe oor die grens te neem ten spyte van wetgewing wat dit verbied het.

In die tweede plek was die hoofdoel van Joubert se sending blykbaar om die ingeboekte arbeiders net by die Voortrekkers te gaan haal omdat hulle hul bande met die Britse owerheid wou verbreek, terwyl die handelaars en trekboere steeds die Britse gesag erken het.

Die aantal ingeboekte slawe

Die werklike aantal ingeboekte slawe wat deur die Voortrekkers oor die grens geneem is, sowel as die getal ingeboektes wat besluit het om nie na die Kolonie terug te keer nie, sal waarskynlik nie vasgestel kan word nie. Selfs oor die aantal wat wel na die Kolonie teruggekeer het, bestaan daar 'n mate van onsekerheid soos uit die volgende inligting blyk: twee dae na Joubert se terugkeer het Rawstorne die goewerneur meegedeel dat Joubert 8 manlike en 11 vroulike eertydse slawe asook 21 kinders - dus 'n totaal van 40 - na die Kolonie teruggebring het en dat 60 gewese slawe verkies het om in Natal agter te bly.⁶² Op dieselfde dag as wat hy bogenoemde verslag geskryf het, dit wil sê 15 Desember 1838, het Rawstorne die aantal ingeboektes se name asook die name van hulle vorige eienaars kolomgewys verstrekk; daarvolgens het 39 ingeboektes na die Kolonie teruggekeer.⁶³

'n Paar dae later het Rawstorne Joubert se gedetailleerde verslag aan die goewerneur gestuur en daarby ook die verklarings van 46 ingeboektes wat verkies het om by die Voortrekkers te bly, ingesluit.⁶⁴ Die 46 verklarings waarvan hier sprake is, beteken nie dat Rawstorne oordryf het toe hy aanvanklik verklaar het dat 60 gewese slawe besluit het om in Natal agter te bly nie. Baie van die beëdigde verklarings wat voor Joubert en twee lede van sy geselskap afgelê is, is deur meer as een van die ingeboektes van hul kruisies voorsien. Volgens die kruisies, wat as handtekeninge vir die ongeletterde ingeboektes moes dien, was daar 65 ingeboektes, wat by die Voortrekkers in Natal en die Transoranje wou bly. Dit is nie

60. *Ibid.*

61. K.A.B.: L.G. 194: Ongeadresseerde en ongenommerde brief van Rawstorne, 19-8-1838, pp. 183-186.

62. K.A.B.: CO 2778: Rawstorne - Secretary to Govt., 15-12-1838, no. 90.

63. K.A.B.: GH 28/14 Enclosures to despatches, Secretary of State: List of late Apprentices brought back into the Colony by Fieldcornet Gideon Joubert, 15-12-1838 (enclosure no. 2 to Despatch no. 13, 4-2-1839).

64. K.A.B.: CO 2778, no. 94: Rawstorne - Secretary to Govt., 23-12-1838.

seker of Joubert die name van die drie geskrap het wat van Port Natal gekom het en by Rudolph se laer besluit het om daar te bly nie. Dan was daar nog drie ander wat by Rudolph se laer gebly het en die sewe by Isak Rabe in die Transoranje wat Joubert verseker het dat hulle vrygestel was, maar van wie hy geen verklarings afgeneem het nie.

Om die saak verder te bemoeilik, was die aantal kruisies onderaan sommige van hierdie verklarings, nie altyd 'n aanduiding na hoeveel ingeboektes daarmee verwys word nie. In baie gevalle het moeders klaarblyklik namens hul minderjarige kinders of 'n seun namens sy siek moeder so 'n verklaring met 'n enkele kruisie onderteken. As die verklarings en die aantal persone wat daarin ter sprake kom noukeurig bestudeer word, lyk die prentjie so: in Natal het 73 en in die Transoranje 6 ingeboektes verkies om by die Voortrekkers te bly en 17 ingeboektes by die trekboere.⁶⁵ Dit is dus duidelik dat daar beslis meer as 60 eertydse slawe by die Voortrekkers was wat na hul finale vrylating - in baie gevalle was dit nog voor 1 Desember 1838 - nie na die Kolonie wou terugkeer nie. "Joubert says", het 'n brief aan *De Zuid-Afrikaan* gelui, "there are about 100 Apprentices left behind who preferred staying with their masters than returning to the Colony."⁶⁶

Die werklike getal ingeboekte slawe wat deur die Voortrekkers oor die Koloniale grense geneem is, was dus baie groter as wat aanvanklik, voor Joubert se vertrek na Natal, geskat is. Dit sal egter 'n mistasting wees om te aanvaar dat die meeste van die 30 agterryers wat saam met Retief om die lewe gebring is⁶⁷, en die meerderheid van die 250 bediendes wat by Bloukrans- en Boesmansrivier tydens die Zoeloe-aanval die lewe gelaat het, ingeboekte slawe was.⁶⁸ Daar het nie slegs ingeboekte slawe die Voortrekkers vergesel nie. Duvenhage⁶⁹ bereken dat dit moontlik is dat 'n paar duisend vrygekleurdes die Voortrekkers gevolg het. Sy berekening word egter deur John Montgomery, wat die Voortrekkers in 1837 besoek het, bevestig met sy opmerking: "It was painful to see fine young girls and children driving the cattle and sheep as the Boers, with few exceptions, had left all their slaves and Hottentots behind"⁷⁰

Wat egter van belang is, is dat Joubert by elke laer of kamp aan die ingeboektes die doel van sy sending verduidelik het en dat die meerderheid van hulle die geleentheid om na die Kolonie terug te keer, van die hand gewys het. As die 41 verklarings wat Joubert van die ingeboektes by die Voortrekkers in Natal en die Transoranje afgeneem het, ontleed word, word dit duidelik waarom hulle besluit het om nie saam met Joubert na die Kolonie terug te keer nie. Terselfdertyd kom die besondere verhouding wat daar tussen die deursnee Voortrekker en sy arbeiders bestaan het, sterk na vore. In al 41 verklarings het die ingeboektes aangedui dat hulle vrywillig hul werkgewers oor die grens gevolg het en uit vrye wil by hulle wil bly. In die meeste gevalle het hulle Joubert meegedeel dat, nadat hulle die Kolonie verlaat het, hulle deur hul werkgewers en die Volksraad vrygestel is. Volgens veertien van die verklarings waarby 21 volwasse ingeboektes en kinders betrokke was, is hierdie ingeboekte slawe reeds in die Kolonie deur die Voortrekkers vrygestel. Vir hierdie ingeboektes was dit dus nie nodig om na die Kolonie terug te keer om hul vryheid en sodoende 'n beter lewenswyse te verkry nie.

Een besondere geval is dié van Jacobus Uys ["de Oude" - waarskynlik Piet Uys se vader], wat sy ingeboekte slaaf, genaamd Lafheer, reeds in die Kolonie vrygestel het. Na sy vrystelling het Lafheer eers na Tarka teruggekeer, maar daarvandaan na Uys gaan soek. By die Drakensberg het hy hom weer by sy eertydse eienaar aangesluit en toe as 'n vrye persoon saam met Uys na Natal getrek waar hy verkies het om te bly.⁷¹

65. K.A.B.: CO 2778, no. 97: Ses-en-veertig verklarings van ingeboektes deur Joubert afgeneem (ingesluit by Rawstorne - Secretary to Govt., 23-12-1838).

66. *De Zuid-Afrikaan*, 28-12-1838 (Respecting the Emigrants, 17-12-1838).

67. *The Graham's Town Journal*, 2-8-1838 (J. Boshof - The Emigrant Farmers).

68. *The Graham's Town Journal*, 9-8-1838 (J. Boshof - The Emigrant Farmers, II).

69. G.D.J. Duvenhage, *Van die Tarka na die Transgariep* (Kaapstad, 1981), p. 137.

70. Giffard (red.), *The reminiscences of John Montgomery*, p. 119.

71. K.A.B.: CO 2778: Verklaring van Lafheer (no. 36), 16-11-1838 (ingesluit by Rawstorne - Secretary to Govt., 23-12-1838, no. 94).

Van die Ingeboektes het aangevoer dat hulle in Natal wou bly tot na afloop van die kommando - waarskynlik die kommando wat onder leiding van Andries Pretorius in November 1838 teen Dingane uitgetrek het. Na afloop daarvan sou hulle hul posisie in heroorweging neem en besluit of hulle na die Kolonie sou terugkeer. Twee van die ingeboekte slavinne wat hierdie rede aangevoer het, was met vrygeklerudes getroud - die een het verwys na haar man as 'n "Hottentot" en die ander het verklaar dat sy met 'n "basterman" getroud is. Dit was dan ook hul mans wat eers tot na afloop van hierdie kommando wou wag voordat hulle moontlik na die Kolonie sou terugkeer.⁷²

Twee ingeboekte minderjariges, Julie en Desember, het verklaar dat toe hulle "juffrou" wou trek hulle haar nie wou verlaat het nie. Hul moeder Salina het in die Kolonie agtergebly, maar hulle vrywillig met hul "juffrou" laat saamgaan. Hulle het dan ook verkies om by haar "als kinderen te blyven tot ons volle jaaren".⁷³

'n Soortgelyke geval was die drie minderjarige kinders van die ingeboekte slavin Rosina wat Joubert by die weduwee van Piet Uys aangetref het. Rosina het in die Kolonie agtergebly, maar haar kinders aan Piet Uys se sorg toevertrou. Hierdie kinders het die Uys-trek vrywillig gevolg en geweier om Joubert na die Kolonie te vergesel. Vir Joubert se reisgenote het dit voorgekom asof "genoemde 3 als kinders behandel word en sy hun juffrou [Piet Uys se vrou] van harte aankleef wij sien niet hoe Joubert hun sal weg krijgen."⁷⁴

Op 1 Desember 1838, die dag waarop die ingeboekte slawe vrygestel is, het Fortuin Joubert by die Sandrivier meegedeel dat hy begerig was om na die Kolonie terug te keer. Hy was egter die voorafgaande twee jaar so sieklik dat hy "niet kin gaan nog staan". Gedurende sy langdurige siekte het sy werkgewer Andries Beetge hom so goed versorg dat hy nie kans gesien het om Joubert te vergesel nie. Daarbenewens was Fortuin daarvan oortuig dat Beetge hom tot sy sterfdag sou versorg.⁷⁵

Hierdie persoonlike getuienis van die ingeboekte slawe weerlê Rawstorne se stelling as hy skryf: "I also believe that the latter [die Voortrekkers] are so well aware of the immense feeling which would be excited against them should they retain them [die ingeboekte slawe] beyond the time fixed for their release, that self interest will guide them to set them at liberty."⁷⁶

Die betekenis van Joubert se verslag

Uit die verslag blyk dit dat Joubert in die uitvoering van sy opdragte geen teenkanting van die Voortrekkers ondervind het nie. Rawstorne het dit s so belangrik beskou dat hy dit pertinent onder goewerneur se aandag gebring het.⁷⁷

Die verslag van Napier aan Glenelg oor Joubert se sending toon dat die goewerneur sy mening oor die Voortrekkers se optrede teenoor hul ingeboekte slawe verander het. Kort na sy aankoms aan die Kaap het hy aangetoon dat hy die Voortrekkers van slawerny verdink. Hierdie sienswyse het uitdrukking gevind in die regeringskennisgewing van 15 Maart 1838⁷⁸ en in sy instruksies van 16 Oktober 1838 aan Joubert.⁷⁹ Napier kan nie vir sy standpunt verkwalik word nie, aangesien die Voortrekkers se optrede verdag moes voorgekom het. Net so moet die Britse owerheid se pogings om die vryheid van die ingeboekte slawe te verseker, geloof

72. K.A.B.: CO 2778: Verklaring van Pamela (no. 4) en Ragel (no. 15), 7-11-1838 (ingesluit by Rawstorne - Secretary to Govt., 23-12-1838, no. 94).

73. K.A.B.: CO 2778: Verklaring van Julie en September (no. 21), 7-11-1838 (ingesluit by Rawstorne - Secretary to Govt., 23-12-1838, no. 94).

74. K.A.B.: CO 2778: Verklaring P. Pienaar en A.G. Spies (no. 37), 16-11-1838 (ingesluit by Rawstorne - Secretary to Govt. 23-12-1838, no. 94).

75. K.A.B.: CO 2778: Verklaring van Fortuin (no. 41), 1-12-1838 (ingesluit by Rawstorne - Secretary to Govt., 23-12-1838, no. 94).

76. K.A.B.: L.G. 194: Ongeadresseerde en ongenommerde brief van Rawstorne, 19-8-1838, pp. 183-186.

77. K.A.B.: CO 2778: Rawstorne - Secretary to Govt., 15-12-1838, no. 90.

78. Chase, *The Natal Papers II*, p. 17.

79. K.A.B.: GH 28/13, bylae: Instructions for ... Field-Cornet Joubert, 16-10-1838, no. 59.

word. Die versekering wat die Voortrekkers gegee het dat hulle die ingeboektes op die bestemde tyd sou vrystel, het onder omstandighede geen geloofwaardigheid gehad nie. Hul daadwerklike optrede om die ingeboektes vry te stel, het Napier genoop om Glenelg te wys op die ongeldigheid van die aanklag dat die Voortrekkers hul slawe onder dwang uit die Kolonie geneem het.⁸⁰ Napier het hiermee die Imperiale regering tevrede gestel. Normanby, Glenelg se opvolger, moes erken dat daar geen bewyse was dat die Voortrekkers die ingeboektes in slawerny gehou het nie.⁸¹

In die Kaapkolonie is *De Zuid-Afrikaan* gebruik om die Voortrekkers se naam in verband met dié aangeleentheid en ere te herstel. Na Joubert se terugkeer uit Natal, verwys 'n korrespondent na die ingeboektes wat vrywillig by die Voortrekkers gebly het en vervolg dan: "Dit zal in eens toonen, dat de beschuldiging tegen de Boeren, dat sy verhuizd ware, met oogmerk om de Abolitie Acte te ontwyken, en hunne appetiten in slaverny te houden, na verloop van apprenticeship, niets dan laster is!"⁸²

Besluit

Die Voortrekkers se optrede teenoor die ingeboekte slawe het hulle onder verdenking geplaas. Die wegneem van ingeboektes uit die Kolonie was 'n doelbewuste oortreding van die bestaande wette - net soos dit was om die Koloniale grense sonder verlof oor te steek, of om groot hoeveelhede buskruit sonder permit uit die Kolonie te neem. Daarbenewens was die motiewe van individuele Voortrekkers met die wegneem van die ingeboekte slawe ook nie in alle gevalle bo verdenking nie - daarvan getuig die verklarings van die weggeloopte slawe.

Drie faktore het meegewerk om die agterdog jeens die Voortrekkers in verband met die slawe-aangeleentheid te verwyder: hul bereidwilligheid om die ingeboektes vry te stel, die getuienis van die ingeboektes en Gideon Joubert se verslag. Joubert, as 'n erkende teenstander van die Groot Trek-beweging en lojale ondersteuner van die Koloniale regering, het ook die vertroue van die belangrikste regeringsamptenare in die Kolonie gehad. Sy verslag sou dus as geloofwaardig aanvaar word, terwyl die Voortrekkers se verklarings oor hierdie aangeleentheid vir die filantropie en die regering onaanvaarbaar was. Joubert kon in hierdie besondere geval ook beskou word as 'n "authority entitled to much weight" soos Glenelg na sy informant verwys het.⁸³

Die presiese getal ingeboektes wat die Voortrekkers vergesel het, sowel as die aantal wat tydens die Zoeloe-aanvalle gedood is, is nie bekend nie. Net so is die redes waarom 40 ingeboekte slawe saam met Joubert na die Kolonie teruggekeer het, onbekend. Die positiewe verklarings van die meerderheid ingeboekte slawe strek egter die Voortrekkergemeenskap en die Voortrekkerleiers tot eer en is 'n aanduiding van gesonde arbeidsverhouding.

[Geldelike bystand van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir hierdie navorsing word hiermee erken. Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die outeur en moet nie beskou word as noodwendig dié van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing nie.]

80. K.A.B.: GH 23/12: Napier -Glenelg, 4-2-1839, no. 13.

81. K.A.B.: GH 1/28: General despatches recieved from Secretary of State. Normanby - Napier, 2-5-1839, no. 22.

82. *De Zuid-Afrikaan*, 28-12-1838 (De Uitgewekene Boeren; Port Natal).

83. K.A.B.: GH 1/120: Glenelg - Napier, 24-4-1838, no. 51.